Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 10/05 2019

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Kopieerkoste</u>:**
   In opdrag van die beheerraad se finansiële komitee, mag geen verdere fotostate aan leerders, wie se kopieerkoste uitstaande is, verskaf word nie. Die betrokke leerders kan die lesmateriaal/leermateriaal by onderskeie onderwysers kry en by ander instansies fotostate laat maak.

2. **<u>Sportbriewe en busvervoer na sportdae :</u>**

   Indien u kind deel van 'n sportspan is en 'n sportbrief ontvang wat aandui aan watter wedstryde/sportdag deelgeneem word, is dit VERPLIGTEND vir u as ouer om die afskeurstrokie van die sportbrief in te vul en die volgende dag terug skool toe te stuur. Die afskeurstrokie dien as kontrole vir deelname en dui ook u keuse van vervoer aan.

   <u>Die volgende rakende BUSVERVOER NA SPORTDAE word onder u aandag gebring :</u>

   - Leerders mag slegs van busvervoer gebruik maak indien hul sportbriewe ingevul is en u die keuse gemaak het dat u kind van busvervoer gebruik maak.
   - Indien u aandui dat u kind van busvervoer gebruik gaan maak, word u kind se plek op die bus bespreek. Indien u as ouer intussen van plan verander en van privaatvervoer gebruik gaan maak, MOET u die afrigter in kennis stel sodat die buslys aangepas kan word. Die buslys bepaal of die skoolbus voldoende is om al die kinders te vervoer en of daar addisionele busse gereël moet word.
   - Dit is onaanvaarbaar dat kinders aandui dat hulle van busvervoer gebruik gaan maak en dan NIE OPDAAG vir die busvervoer NIE. Busse word gereël volgens die aantal leerders wat aandui dat hulle gaan busry. Dit kos vir die skool baie geld as 'n addisionele bus onnodig gereël word.
   - Enige busvervoer is 'n GROOT UITGAWE vir die skool. Addisionele busvervoer moet beperk word.
   - **Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om NIE van BUSVERVOER vir u kinders gebruik te maak indien u as OUERS ook die sportdag gaan bywoon en dit moontlik is om u kind SELF te vervoer nie. Dit gebeur dat ouers hul kinders in die oggend op die bus laai, wetende dat hulle die sportdag gaan bywoon en dan met eie vervoer hul kind huis toe neem. U moet besef dat hierdie reëling wat u as ouer tref, kan beteken dat daar onnodig addisionele busvervoer gereël word en dat dit 'n groot uitgawe vir die skool is.**
   - Busvervoer is slegs vir LEERDERS wat betrokke is by die sportdag.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Busvervoer is ‘n voorreg. Busreëls moet gehoorsaam word.
- Indien dit gebeur dat u kind van privaatvervoer gebruik maak na afloop van die sportdag, MOET die leerder dit aanmeld by die onderwyser wat busdiens doen.

Ons vra u vriendelike samewerking in hierdie verband.

3. **Nasionale Toneelspelkompetisie:**
Baie geluk aan Marli van Zyl wat tot die Top 20 van die Kyknet-toneelspelkompetisie van 2 – 4 Mei deurgedring het. Sy is ook vir ‘n RSG-radio-oudisie en ‘n Woordfeesdrama-oudisie genooi. Hoërskool McLachlan is voorwaar trots op haar.

4. **Skryfskool op Joubertina:**
Jy hoef nie al ‘n boek te geskryf het nie. Die ATKV reël dit om vir ouer én kind ‘n geleentheid te gee om verryk te word. Proff. Odendaal en Hans du Plessis van Noordwesuniversiteit (Potchefstroom) kom op Saterdag, 3 Augustus, by die skool die volgende program aanbied:

Program:

08:30 – 09:00	Aankoms
09:00 – 11:00	Gesprek oor skryfproses en die elemente waarmee ‘n verhaal opgebou word.
11:00 – 11:30	Teepouse
11:30 – 13:00	Gesprek oor elemente waarmee ‘n verhaal opgebou word. (vervolg)
13:00 – 13:45	Middagete (ongelukkig nie gratis nie, maar sal nader aan die tyd meer inligting gee.)
13:45 – 15:00	Samevatting en terugvoer

As jy besig is met ‘n boek, kortverhaal of enige genre, hier is jou kans.

5. **ATKV-Tienertoneel:**
Die leerders wat gekies is vir die tienertoneelkompetisie is die volgende:

Marli van Zyl	Uli Terblanche	Elzé Potgieter
Sesethu Mtsele	Porsha Khewu	Ruwaldo Miggels
Renwill Leeuw	Mustapha van Rooyen	

Ekstra’s en Tegnies:

Tiffeney Lyons	Soné van Wyk	Chanté Belelie
Courtney Smith	Cindy Felix	Jay-Lynn Jantjies

Die eerste repetisie sal Dinsdag, 14 Mei, om 14:25 in die skoolsaal wees.

6. **Wiskunde-ekstraklasse:**

Woensdag, 15 Mei:	Gr. 6 – 7:	Mnr. Terblanche	14:15 – 15:00
	Gr. 8 – 9:	Me. Hatton-Jones	14:15 – 15:00
	Gr. 12:	Me. Hatton-Jones	15:00 – 16:00
	Gr. 10 – 11:	Mnr. Schlechter	14:15 – 15:00

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

7. **CAMI-klasse:**
(Wiskunde, Afrikaans en Engels – gr. 1 tot 9)
Dinsdag, Woensdag en Donderdag: 14:30 – 15:00

Reël met juf. Riana. Om vordering in die vakke te maak, moet hierdie klasse vir ‘n kwartaal lank gereeld bygewoon word.

8. **Karoo 2 Coast – fietswedren: 22 September 2019:**
   Hierdie is ‘n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R750 per voertuig. Neem kennis dat die wedren oor ‘n langnaweek plaasvind. Indien u beskikbaar is, kontak Cornelis Muller by 082 6121 498 òf stuur ‘n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

9. **Grannor Passi-projek:**
   Hoërskool McLachlan loods weer in 2019 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is ‘n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u ‘n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

   Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende ‘n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons die voortbestaan kan verseker.

10. **Sportnuus:**

- Tennisproewe:
  Baie geluk aan Anika Kritzinger wat deur is na die volgende rondte proewe.

- Tennis (LS):
  Vier seuns neem aan die Koukammaproewe deel. Dit het goed gegaan.

- 0/15-Netbal:
  Amesha Stephanus is gekies om aan die “*Winter games”* deel te neem, wat vanaf 31 Mei – 1 Junie in Oos-Londen plaasvind. Baie geluk.

- Uitslae teen GLA:
  Rugby: 0/15/16: verloor 42 – 39

- Rugbyproewe:
  Anton van der Mescht is deur na die laaste rondte van die 0/18-OP-Cravenweekproewe. Baie geluk.

- Uitslae: Sportdag teen HS Paul Sauer:
  Netbal: Uitgereën

Rugby:	0/9:	4 gespeel:	3 gewen ; 1 verloor
	0/11:	3 gespeel:	2 gewen ; 1 verloor
	0/13:	3 gespeel:	2 gewen ; 1 verloor

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Landloop:
  McLachlan het weer met landloop o.l.v. mev. A. Roberts begin. Die volgende byeenkoms is Dinsdag, 14 Mei, by St. Francis. Leerders wat belangstel kan by mev. Roberts by die skool kom aanmeld.

- LS Jeffreysbaai Sportdag: Saterdag, 11 Mei:

  Spanne: Rugby: 0/7, 0/9, 0/11, 0/13
  Netbal: 0/7, 0/8, 0/9, 0/10, 0/11, 0/12, 0/13

  Bustye:

Misgund:	04:50
Louterwater:	05:05
Krakeel:	05:20
Skool:	05:35
Ravinia:	05:45

Stan Pienaar
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
stan@hsmclachlan.co.za
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 83 546 2788
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg